

**Donderdag 29 Junie**

**Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20**

**Fokusgedeelte: Matteus 28:16-20**

### **Die Groot Opdrag!**

Wat is die taak van die kerk? Van jou gemeente? Jou taak? Is dit om funksies of basaars te reël? Om sosiale geleenthede vir verskillende groepe aan te bied? Om die wonderlike evangelie van verlossing in Christus net vir jouself te hou? Nee. Luister wat sê Christus is die opdrag van die kerk en kyk ook hoe Hy die opdrag gee. Eers kry die dissipels 'n versekering, daarna die opdrag en dan weer 'n versekering.

Die eerste versekering en gerusstelling aan die dissipels is: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.” Alle mag behoort aan Jesus Christus. Hy regeer oral, nie net op sekere terreine van die lewe nie, maar oral – in die hemel en op aarde. Hy het beheer oor alles en almal, selfs oor die duiwel. As Christus die opdrag gee, sê Hy dat dit nie uit ons eie krag moet en kan gedoen word nie. Wat is die opdrag? Kyk na die werkwoorde: “gaan”, “maak”, “doop” en “leer”.

- *Gaan!* (1953-vertaling: “Gaan dan heen ...”) Daar staan nie: “Kom hierheen!” nie. Waarheen moet die dissipels gaan? Na al die nasies toe. Na alle mense toe.
- *Maak!* Wat moet gemaak word? Maak dissipels/gelowiges/navolgers van Christus. Hoe? Deur die Woord te verkondig.
- *Doop!* Wie moet gedoop word? Hulle wat tot geloof in Christus gekom het. Laat hulle die teken van die verbond ontvang.
- *Leer!* Wat moet geleer word en wie moet geleer word? Leer hulle, die jong bekeerdes, om alles te onderhou wat Christus geleer het. Leer hulle om nie hoorders nie, maar daders van die Woord te wees.

Die tweede versekering is dat jou gemeente/jy nooit alleen sal wees nie. Onthou dat Christus altyd by julle is en deur sy Heilige Gees in jou is, vir ewig. Sonder Jesus Christus kan ons niks doen nie. Gelukkig hóéf ons niks sonder Christus te doen nie.

Leef jy, jou gemeente, die groot opdrag uit?

*Sing: Psalm 100:1-4*

*Dagstukkies Almanak 2006*